Helderstem

Sondagaankondigings en Nuusblad vir Helderberg Gemeente 3 Junie 2018 Jr. 7 Nr. 20
www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

PRAAT GOD nog met ons?

Daar is soveel verskillende “stemme” in die wêreld wat met ons praat. Die vraag is: Praat God nog met ons vandag soos in die tyd van die Bybel?

1 Samuel 3 begin in vers 1 met die woorde “Die woord van die Here is in daardie tyd min gehoor; daar was nie dikwels openbarings nie.” Ná die Here se openbaring aan Samuel (vv 1-18) lees ons in vers 21 dat “Die Here Hom weer in Silo aan Samuel openbaar het”. God het nie stilgebly nie. Hy het met Samuel en met sy volk gepraat. God praat nog steeds vandag met ons op verskillende maniere. Ons lewende God is nie ‘n God wat stilgeraak het nie.

‘n Tweede vraag wat die teks oproep is: Hoe luister ons na die stem van die Here? Die jong Samuel het die Here getrou by die tempel gedien. Tog was dit nié vir hom maklik om die stem van die Here te herken nie. Dit was ook nie vir hom maklik om dit wat Hy by God gehoor het verder oor te dra nie. Eli was nie ‘n goeie pa nie, maar as priester het hy vir Samuel gehelp om die stem van die Here te herken. Hy was ook bereid om die wil van die Here te aanvaar (v 18b). Ons wil mekaar as gelowiges help om die stem van die Here duidelik te hoor en sy wil te doen.

Is jy werklik oop dat die Here met jou kan praat? Herken jy sy stem?

(1 Sam 3:1-18)

Sondag 3 Junie

Praat God nog met ons?
1 Sam 3:1-18

08:00 Meditatief	Hannes Theron
08:30 Klassiek (doop)	Breda Ludik
10:00 Meditatief	Hannes Theron
10:00 Informeel (doop)	Danie O'Kennedy
10:00 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Danie Möller
10:00 HB Village	Breda Ludik
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Danie O'Kennedy

Deurkollekte: Versorgingsfonds
Leier: Hennie Smit 083 228 3482
hwjsmit@gmail.com

Pinkster DVD's wat bestel was, kan by Ontvangs afgehaal word teen R60.

Tieners het geen dissipelskapgroepe nie. Sterkte met die eksamen, ons bid vir julle.

WiFi

Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - 9aTeteq!

Sondag 10 Junie

My wil nie God se wil nie
1 Sam 8:4-10

08:00 Meditatief	Paul Barnard
08:30 Klassiek	Danie O'Kennedy
10:00 Meditatief	Paul Barnard
10:00 Informeel	Hannes Theron
10:00 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Breda Ludik
10:00 HB Village	Danie O'Kennedy
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Hannes Theron

Bid saam met ons vir die volgende:

Helene Swart - kanker
Roenel Swart - ernstig siek
Desiré Groenewald - kanker
Annelize Kritzinger se pa, Hannes Jansen van Vuuren - kanker
Johannes Esterhuizen - beenmurg oorplanting
Elsabe Janse van Rensburg - hartomleidingsoperasie was sukses, dankie vir gebede
Toy Verster - herstel na operasie

Rou

Dorrie Prinsloo is oorlede, ons dink aan haar dogter Thea Drotzky en familie.
Ons dink aan Jaco van Straaten wie sy ma, Magda Naude oorlede is.

Bid ook vir die eksamentyd.

Wat gebeur die week:

Dinsdag 5 Junie
06:00 Gesels en bid vir ons land - Tent
08:45 Helderberg Seniorklub - Korinte
17:30 Eredienswerkgroep - Kapel

Woensdag 6 Junie
10:00 DIY-oggend

Donderdag 7 Junie
08:45 Bybelstudie
17:30 DC, S&P, DC4K en GS in Tent
18:45 Kantory oefen

In die e-nuusbrief was eredienstye aangedui vir die skoolvakansie, maar ons gaan nog eers verder dink daaroor en sal bevestig.

Die volgende ouerpare doop op 3 Junie:

Klassieke diens:
Jaco en Hermani Botha met Louis

Informele diens:
Pieter en Marlize Boshoff met Paul

Diens:
Lizanne de Smidt met Johan André

Nagmaalkuier

Sondag 10 Junie is Nagmaalsondag en ons wil lekker saam kuier as gemeente. Daar gaan heerlike ontbytrolletjies te koop wees tussen die dienste (9:00-10:00). Plaas jou bestelling vooraf by aanbidding@nghelder.co.za om teleurstelling te voorkom.

Ontbytrolletjie (eier, spek, gebraaide uie en tamatie) @ R30
en ontbytrolletjie & cappuccino @ R50
Sien jou daar.

DIY-oggend

Wanneer: 6 Junie
Waar: Die Tent
Tyd: 10:00-12:00
Tema: Ons gaan saam hekel! Van beginners tot kenners is almal welkom, bring gerus jou handwerke saam, asook hekelpenne en wol as jy het.

Donasies vir Helderberg Beradingsentrum.
Navrae: Meagin 021-851 5582

Helderberg Seniorklub se byeenkoms vind plaas om 8:45 vir 9:30 op 5 Junie in Korinte.

Program vir die dag:
Ons nooi julle na `n gesellige oggend. Kom luister na humoristiese vertellings deur Hannes Krugel. Dawie Rossouw gaan ook `n paar sangitems lewer.

Besoekers en nuwe lede is welkom*:* Koste R20 en dit sluit tee in, ledegeld is R60 per jaar.

Kontakpersoon: Isabel Lubbe by 021-855 1528 of 082 844 0735

Versorgingsfonds

Getuienis van 'n gesin gehelp deur die Versorgingsfonds:

"Een aand 'n hele paar jaar gelede het ek in my kamer gesit en gedink: Dis nou die EINDE – Wat Nog ? Dit kan nie erger nie. Waar is God? Ons gesin is verlam van vrees en kommer, my liewe sus besig om te sterf agv nierversaking, my ouers versorg ons almal fisies en finansieel. Ons lewens en alles om ons spat aan skerwe. Daar is so baie stukkies om op te tel. Hoe doen jy iets so onmoontlik? Hoe harder jy probeer, sny die skerwe jou stukkender en die pyn is groter, die wonde is groter. Jy is verlam van vrees. Waar is God dan?

My man verloor sy werk en vir 2 jaar loop hy van deur tot deur om werk te kry, stuur CV's uit en niks positiefs gebeur nie. Hy raak stiller en stiller en later kan jy fisies sien sy menswaardigheid is weg. Ek moet my tas pak om in Johannesburg te gaan werk, want die inkomste van my halfdagpos was skaars genoeg om melk en brood op die tafel te hou. My kinders hier los! My siel is verpletter, in alles moet ek nou sterker as ooit wees, want ek bekommer my oor my ouers, suster, werklose man en kinders. Die pyn, vernedering, skande en angs is te veel. Jy moet funksioneer, maar jy kan nie eers dink nie. Ek lewe net van uur tot uur, daar is nie 'n manier wat ek vooruit kan dink nie. Ek is nou die nek wat alles moet regop hou en bymekaar moet hou, maar hoe?

Daardie aand ontmoet ek die Versorgingspan wat met onselfsugtige liefde lidmate van Helderberg Gemeente help en ondersteun. Die span is sinoniem met **respek**, **vertroue** en **liefde**. Hulle hou jou vas en regop as jy nie meer kan nie. Hulle help jou om weer rigting en perspektief te kry. Jy voel weer menswaardig. Dis menslike mense wat jou help om al die wortels van euwel te help uitroei. Dit wat hulle aan die gemeenskap en aan my gesin teruggegee het, is nie ongelooflik nie maar **gelooflik**.

Die belangrikste ding in die hele proses is dat die Versorgingsfonds **jou help om jouself te kan help**. Met die Versorgingsfonds se hulp het ons as gesin tree vir tree op ons voete gekom. Die fonds "voed" ons fisies en geestelik. In der waarheid is dit elke persoon wat die Versorgingsfonds finansieel ondersteun en bydra wat ons help. Ons besef baie goed dat dit God se genade en liefde is wat jou toevou. Glo my, dit voel nie so as jy in die bootjie sit nie, maar dit is God. Hy is daar.

Die pad was lank met bulte en skerp draaie wat fratsongelukke in ons lewens veroorsaak het. Maar die Versorgingsfonds help jou genees. Hul offer op, hul liefde is onselfsugtig. Hulle stroop jou nie van jou menswaardigheid nie. Wees oop en eerlik met hulle, so kom jy uiteindelik by die wortel van die kwaad. Dis seer, jy raak moedeloos en opstandig.

My man word nou gediagnoseer met dimensia. Wanneer is genoeg nou genoeg? Vir lank het dit gevoel ek het al elke les geleer wat daar te leer is, maar dit stop net nie. In al hierdie tye is die Versorgingsfondsspan daar vir jou. Stadig maar seker sien jy God se Hand in alles. Stadig maar seker kom die sonskyn weer in en stadig maar seker begin jy weer lewe en lag.

Vir almal wat deel vorm van die Versorgingsfondsspan wil ons as familie net dankie sê vir julle harde werk en vir die liefde waarmee julle ons toevou, in besonder Andre en Marie du Preez wat daagliks ons nog ondersteun. Julle hulp en bystand word gerespekteer en waardeer. Deur alles kan ons sê God is hier en Hy sluimer of slaap nie. Ons dank aan die Hemelse Vader vir die gemeentelede wat omgee."

Namens die Versorgingsfonds wil ons die leraars en gemeentelede bedank vir hulle gebede, offervaardigheid en liefde wat julle aan die Versorgingsfonds bewys om ons in staat te stel om die Gemeente se passie vir God en hart vir mense uit te leef.

Vakansieklub

Ons benodig ook die volgende skenkings, asseblief:

Kunsaktiwiteite:

- bruin, wit en gekleurde A4 karton
- gom
- krale
- swart kolletjie plakkers
- silwer sterretjies
- klein klokkies
- rooi materiaal
- potterbakker klei
- leë toiletrolletjies

Kombuisbenodighede:

- koffie & tee
- warm sjokolade
- vrugte sappe
- koekies
- ontbytpappe
- suiker
- melk
- beskuit
- appels

DIY-oggend van 16 Mei

Moenie die volgende een misloop nie.

God stuur ons veral na ons woon- en werkplek, asook die gemeenskap en wêreld waarbinne ons beweeg, om dáár dissipels en dissipelmakers te wees.

Pienkvoetkamer Regpakprojek

As mammas van klein pienkvoete het ons besluit die pienkvoet kamer kan baatvind by ‘n regpak en oordoen projek.

Ons wil graag die vertrek beter inrig volgens ons behoeftes, maar het jou hulp nodig.

As jy op enige manier wil betrokke raak by die projek, kontak asb vir Meagin by 071 354 0509 of meaginvdwest@gmail.com

Op Sondag 10 Junie verkoop ons kolwyntjies @ R10 vir fondsinsameling.

Helderberg Uitreik Jaarvergadering
'n Vriendelike uitnodiging na Helderberg Uitreik se Jaarvergadering en 15jaar Feesviering op 11 Junie om 18:30 by Helderberg Gemeente Firmountweg 82 Somerset-Wes
RSVP @ 6 Junie louise@nghelder.co.za

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 19:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A.
ABSA Helderberg Tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Helderberg NG Gemeente
021 851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Versorgingsfonds, ons is dankbaar vir ondersteuning

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun.
Dankie vir getroue bydraes.

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*